

15 Junie

Skrifgedeelte: Matteus 13:44-46

Fokusgedeelte: Matteus 13:44a & 46a

Skattejagters!

Op 'n manier is ons mense van nature skattejagters! Die ou droom van menige om skielik en onverwags 'n skat te vind. Ons kan met wyle Lucas Maree se liedjie identifiseer: *Ek sou kon doen met 'n miljoen!* Maar ag, sug jy, dis maar net 'n lekker droom, in elk geval, nie vir my beskore nie.

In twee kort gelykenisse vertel Jesus ons van die waardevolste skat ... 'n Man is besig om te ploeg, besig met sy alledaagse werk. Heen en weer stap hy, terwyl die lem van die ploeg die grond in vore oopbreek. En ... eensklaps lê dit daar voor hom, tussen die bruin kluite, 'n glinsterende blink skat! In die tweede gelykenis lees ons van 'n juwelier wat pêrels soek. Hy ken die waarde van pêrels – hy het dit sy werk gemaak om dié kosbaarhede op te koop. En dan ... op 'n dag kom iemand by hom aan en wys hom dit – die kosbaarste pêrel!

Is dit bloot 'n kwessie van op die regte tyd op die regte plek te wees om 'n skat te vind? Nee, sonder dat hulle daaglikse roetine (hulle werk) ontwrig word, word die skat skielik voor hulle oë gebring. En só, sê Jesus, werk dit met die *koninkryk van die hemel*. Die skat van die koninkryk lê nie op 'n afgeleë planeet iewers in die heelal begrawe nie, en die pêrel is nie nog in 'n oester diep onder die see nie. Die skatte kom as't ware na hulle toe. Hulle vind nie die skat nie. Die skat vind hulle! Dis nie die mens wat self na die koninkryk van die hemel soek nie. Dis die koninkryk wat self verrassend en genadig te voorskyn kom!

Die skat van die koninkryk het immers self, genadig, aarde toe gekom – met die geboorte en lewe van ons Here Jesus Christus! En hierdie skat is oneindig meer werd as honderde goue munte of stringe pêrels! Dis die rykdom van die lewe – sy genade, sy vergifnis, sy heerlike beskikking en sorg. Wie Jesus het, het die skat van die lewe gevind!

As ons maar 'n oop oog het om die Skat te sien ... en nederig genoeg om ons te laat vind! Is jy? Dit sal die vonds van jou lewe wees!

Sing: Skrifberyming 1-1:1, 6

Ds. HC (Charl) van Rooy (Randburg)